



## DIE VERWOESTENDE VESTINGS VAN JEZEBEL EN AGAB

*Ef. 6:12: "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug."*

*Op. 2: 20: "Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy die vrou Isebel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet."*

### 1. INLEIDING

*"The spiritual world, with its opposing forces of good and evil, is a world that is in one sense more real and relevant than the natural realm we live in. The kingdom of darkness is waging all-out war against the Kingdom of God and the Bible tells us that as spirit beings, we are caught in a struggle between these two realms. We struggle with "unseen entities" that manifest themselves through people by influencing their thinking - and thereby their actions. In these last days of the Church, the thrust of the enemy is mighty as he tries to establish strongholds in people's minds and seduce our world to come under the control of Jezebel and other evil principalities and powers." (Steve Sampson - Confronting Jezebel (2012), p.29)*

*"Make no mistake, though. We are at war. Princes and powers are real, and they love nothing better than for us to deny their influence and remain ignorant of their significance." (Steve Sampson – Confronting Jezebel (2012), p. 7)*

Daar is seker nie nog demoniese vestings so sterk en allesoorheersend soos dié van Jezebel en Agab nie. Ons vind hulle in huishoudings, huwelike, besighede, vriendskappe, kerke en die samelewing. Hulle erfenis is vernietiging en hulle versprei in familie bloedlyne af waar hul bloedlynvloeke veroorsaak en ook demoniese sielskopieë (DSC's) (sien paragraaf 11 hieronder) laat oorgaan. Die gevolg is 'n ware bose vesting en kringloop waaruit mense en families sukkel om te kom met massiewe negatiewe en vernietigende gevolge.

*"Dare I say it is one of the most powerful entities, one of the most powerful principalities, in the kingdom of darkness itself?" (Steve Sampson p. 8)*

Die Jezebel prinsipaliteit werk al deur al die eeue en oor die wêreld heen en was bv. die hoof geestelike krag agter Adolf Hitler en sy vernietigende Nazi-ryk. In die Suid-Afrikaanse konteks het Jezebel ook baie sterk gefunksioneer in die Broederbond en die Ossewabrandwag asook meeste ander rassitiese en politieke dominerende organisasies. Selfs in vandag se politieke konteks kan mens dink aan sekere partye wat die eienskappe van die Jezebel prinsipaliteit openbaar.

## 2. WAT IS "JEZEBEL" EN "AGAB" EN WAAR KRY HIERDIE ONHEILIGE VESTINGS HUL OORSPRONG?

Dit is 'n demoniese vesting wat sy ontstaan het in die Bybelse geskiedenis van Koning Agab en sy vrou, Koningin Isebel (verwys na en lees gerus 1 Kon. 16 tot 22). Ing (p.58) is egter van mening dat die eerste Jezebel en Agab vesting sy ontstaan reeds in die tuin van Eden onder Eva en Adam gekry het. Adam het bloot Eva probeer blameer en het geweier om verantwoordelikheid vir sy daade te neem (Gen 3:12), daardeur het hy sy Godgegewe outoriteit prysgegee.

Die naam Jezebel beteken: "unexhalted; without cohabitation". Dit is vandag 'n wêreld prinsipaliteit en heerser, dit het nie 'n geslag nie en kan deur beide mans en vroue werk.

Daar word beweer dat die demoniese krag van Jezebel deur 5 koorde werk:

- Godsdienst - wettisisme en rituele
- Heksery
- Seksuele perversie
- Kompromie - hardkoppigheid en afgodery
- Beheer, intimidasie en manipulasie

Jezebel werk dus deur heksery ("witchcraft") wat manipulasie en beheer van ander mense se wil, denke en emosies deur demoniese werking behels.

Jezebel het in die geestelike konteks die benaming geword vir mense wat "control-freaks" is en wat manipuleer, beheer, intimideer en ander domineer.

Ing (p.56) is van mening dat die Agab gees die mees bose gees is tussen dié van Agab en Jezebel. Die Bybel sê dat Agab die mees bose koning was wat Israel nog gehad het (1 Kon. 21:25).

Agab daarenteen het die geestelike benaming geword vir mense wat meestal introvert en passief is deurdat hulle hul Godgegewe krag en outoriteit afstaan en verloën.

Die twee (2) demone van Jezebel en Agab werk selde alleen en het mekaar nodig om hul bose planne ten volle te kan uitrol. Hulle versterk mekaar dus en werk gewoonlik as 'n bose "span" in enige gegewe situasie.

Dit moet egter beklemtoon word dat mense wat karaktereienskappe van Jezebel of Agab toon nie altyd deur 'n demon beïnvloed word nie. Soms is dit bloot persoonlikheidskappe en manier van dink en doen wat oor jare en weens omstandigheid vasgelê is. Duisternis in mense se lewens is dus nie altyd te wyte aan demoniese kragte nie maar heel party keer ook te wyte aan die mens se reg tot vrye denke en 'n blote onvermoë om goddelike outoriteit op te neem.

In erge gevalle egter, kan mens feitlik seker wees dat demone (en demoniese sielskopieë ("DSK'e"), sien par. 11 hieronder) die vestings van Jezebel en Agab versterk en in stand hou. In sulke gevalle het die persoon definitief die hulp nodig van dissipels van Jesus Christus met die nodige kennis en ervaring van die geestesrealms om vry te kom.

Hierdie onheilige vestings is nie tot enige een van die geslagte beperk nie. 'n Jezebel kan dus 'n man of 'n vrou wees en so ook 'n Agab (man of vrou).

### 3. EIENSKAPPE VAN 'N JEZEBEL

'n Persoon wat 'n Jezebel vesting in sy/haar denke het en/of alreeds deur 'n Jezebel gees beset is, toon gewoonlik sommige van die volgende kenmerke of eienskappe (let daarop dat dit nie nodig is dat die persoon al die kenmerke moet toon alvorens daar aanvaar kan word dat 'n Jezebel vesting bestaan nie):

- Die persoon is gewoonlik baie vleiend en bekoorlik en gebruik juis hulle persoonlike charisma om jou te beheer en te manipuleer. Dieselfde tyd as wat hulle jou so bekoor met hul charisma, steek hulle jou gewoonlik in die rug.
- Hulle het gewoonlik baie sterk persoonlikhede en is baie dominerend en beïnvloed ander mense en situasies deur te beheer, intimideer en te manipuleer.
- Hulle skroom nie om leuens te gebruik om hulle onheilige doelwitte te bereik nie.
- Hulle is gewoonlik baie trots en selfs hoogmoedig asook baie ambisieus.
- Hulle neem altyd die krediet in enige positiewe situasie vir hulleself al is die positiewe uitkoms nie aan hulle te wyte nie. Daarmee saam sal hulle ook nie vir ander mense die nodige krediet gee wat aan hulle toekom nie.
- Hulle wys nie maklik hul dankbaarheid nie want volgens hulle "skuld" jy hulle eintlik die guns of die optrede.
- Hulle kanaliseer altyd hulle woede en frustrasie op ander mense (uitwaarts). Hul is nooit bereid om die blaam te neem indien iets verkeerd sou gaan nie. Hulle is altyd onskuldig!
- Hulle praat vanuit die hoogte en "af" op ander mense sodat 'n meerderwaardige houding openbaar word.
- Hulle is aggressief (teenoor passief) en neig daartoe om "bossy" (dominerend), voorbarig, arrogant en "pushy" te wees.
- Hulle is egosentriek (opgeblase selfbewustheid) met baie min tot geen sensitiviteit vir ander se gevoelens.
- Hulle voel hulle opinies en menings is altyd belangriker as ander sin.
- Omdat Jezebels "control-freaks" is, raak hulle ook uiters jaloers bv. in 'n verhouding of huwelik. Hulle wil jou NET vir hulleself hê. Enigiemand anders wat aanspraak op jou tyd maak word vir hulle die vyand en hul raak agterdogtig.
- Hul gebruik altyd iemand anders om hul vuil werk vir hulle te doen of om hulle eie persoonlike agenda mee te bereik.

- Hulle sal jou net as mens erken en vriendelik teenoor jou wees as jy iets vir hulle kan beteken. Sodra jy geen nut meer vir hulle het nie, skroom hulle nie om jou te ignoreer en te vermy nie.
- Hulle is hardkoppig, gemeen en jaloers en uiters gedetermineerd. Niks stop hulle om te kry wat hulle wil hê nie. Hulle het geen gewete nie en “die doel heilig die middele” vir hulle (met ander woorde hulle sal enige bese taktiek aanwend om te kry wat hulle wil hê).
- Hulle sien enigeen wat met hulle durf verskil of wat kritiek lewer oor hulle optrede as die “vyand” as gevolg van hulle eie onsekerheid en swak selfbeeld.
- Hulle is NOOIT verkeerd nie en is GLAD NIE IN STAAT om omverskoning te vra vir iets of om te sê hulle is jammer oor hulle eie optrede nie. Hulle leef in “DENIAL”. Hulle vat nooit verantwoordelikheid vir hulle dade nie. Maak nie saak wat jy doen nie, dis altyd verkeerd en hulle is altyd reg. Jy kan nooit wen met ‘n Jezebel nie.
- 'n Jezebel is gewoonlik ook hoogs krities teenoor die mense om hulle omdat hulle altyd die persoon wil wees wat goed lyk en die eer kry, daarom moet hulle andere afkraak.
- ‘n Jezebel vergewe jou nooit volledig nie, al sê hulle miskien hulle doen. Tot die teendeel, hulle hou rekord van jou oortredinge en sal dit altyd weer in die toekoms ophaal as ammunisie om jou mee te manipuleer en te intimideer.
- Hulle sal jou mislei en manipuleer om inligting uit jou te kry net om dit later teen jou te gebruik. Hulle laat jou voel dat jy hulle kan vertrou net om later te beseef dat jy 'n groot fout gemaak het.
- Hulle soek konflik en huiwer nie om te beledig en te verkleineer nie. Hulle plaas ook dan die blaam vir die konflik op ander.
- Hulle optrede kom vanuit ‘n aanvalspunt omdat hulle vasberade is om nooit weer seer te kry nie. Sodra hulle dus aanvoel dat hulle moontlik gaan seerkry of verwerp gaan word, sorg hulle dat hulle eerste aanval om sodoende eerder die ander persoon seer te maak en dus hulleself ten alle koste verdere seerkry en verwerping te spaar. Hulle argumenteer: *“Ek is seergemaak en dus gaan ek nie toelaat dat jy my weer seermaak nie.”*
- ‘n Jezebel persoonlikheid is gewoonlik baie wantrouig teenoor almal. Omdat hulle baie seergekry het deur die toedoen van die mense wat die naaste aan hulle is, vertrou hulle baie moeilik.
- Vanuit hierdie onsekerheid soek hulle hul identiteit in erkenning, posisie en status.
- ‘n Jezebel is uiters narsisties. Dit beteken dit gaan vir hulle net oor hulleself en hulle is nooit verkeerd nie. Hulle is nooit dankbaar nie en hulle gesindheid is dat die wêreld hier is om hulle te dien.
- ‘n Jezebel hou ook nie van verandering as dit nie is hoe hulle dit spesifiek wil hê nie. Hulle is dus nie aanpasbaar tot ander mense se behoeftes nie.

- Wanneer 'n Jezebel nie sy/haar sin kry nie, dan gooi hul gewoonlik 'n tantrum – skree, gooi goed rond of huil hartverskeurend. Hulle hou van baie drama maar dit is gewoonlik 'n blote manipulasie tegniek.
- 'n Jezebel dink hulle kan vir jou sê en teenoor jou doen net wat hulle wil maar jy moet hulle altyd in liefde hanteer.
- Wanneer hulle bedreig voel, val hulle jou dadelik aan maar meer as dit, hulle probeer soveel as moontlik ander mense ook kry om saam met hulle te stem en om hulle in die aanval te ondersteun.
- 'n Jezebel hou nie van vrede en stilte nie. Hulle sal daarom somer begin baklei oor ietsie kleins eintlik om maar net te sê dat hulle voel hulle kry nie genoeg liefde en aandag nie. Hulle hou van drama en veroorsaak dit gewoonlik.
- Hulle is gewoonlik geestelik skitsofrenies want hulle sal nog die een oomblik oor die Here praat en hoe hulle "hoor" by die Here en die volgende oomblik "verloor" hulle dit en raak ballisties oor ietsie kleins.
- 'n Jezebel kan ook heldersiene ("clairvoyant") wees met die hulp van 'n "familial spirit". Hulle het dus gewoonlik voorgevoelens en weet voor iets nog gaan gebeur dat dit gaan gebeur.
- Vanuit 'n vroulike perspektief is Jezebel die vyand se antwoord tot 'n mansgedomineerde samelewing. Die Jezebel gees gee vals beskerming aan 'n vrou wie se regte nooit as kind beskerm is nie of wat nooit die beskermende liefde van 'n vader of man geniet het nie. Vanuit hierdie gebrek aan liefde rebelleer die vrou teen die hele liefdelose sisteem en word op die ou einde net soos dit. "Die beheerde word die beheerder en die verdrukke word die verdrukker." So 'n vrou sal gewoonlik in die openbaar verkleinerende en afbrekende dinge oor haar man sê terwyl sy dit probeer wegsteek of versag in humor. (Laasgenoemde word egter ook deur mans wat 'n Jezebel gees het toegepas.)
- 'n Teken van Jezebel se invloed in vrouens is onder andere dat hulle gewoonlik probleme ervaar met hul vroulike organe en die vermoë om kinders te kan hê.
- 'n Manlike Jezebel daarenteen beheer deur vrees inboeseming en intimidasie. Hy word dominant in die huwelik en gebruik verbale dreigemente en selfs woede of erge woede uitbarstings om sy sin te kry.
- Die Jezebel gees werk ook baie sterk in prostitute en seksuele verleiding van beide mans en vrouens.

#### 4. EIENSKAPPE VAN 'N AGAB

'n Persoon wat 'n Agab vesting in sy/haar denke het en/of alreeds deur 'n Agab gees beset is, toon gewoonlik sommige van die volgende kenmerke of eienskappe (let daarop dat dit nie nodig is dat die persoon al die kenmerke moet toon alvorens daar aanvaar kan word dat 'n Agab vesting bestaan nie):

- Hulle is meestal introvert en passief en is bang om hulleself te wees. Dit spruit voort uit 'n vrees vir ander mense (“fear of man”).
- Hulle vermy konflik ten alle koste en sal eerder die fout by hulleself soek as om die ander persoon te konfronteer oor die persoon se verkeerde optrede.
- Hulle is vredebewaarders (in plaas van vredemakers) – hul soek en behou die vrede, ten alle koste.
- Hulle is “people-pleasers” (probeer altyd almal gelukkig hou) teenoor “Godpleasers”.
- Agab mans is “double-minded” en is lief daarvoor om kompromieë met die waarheid (met wat reg is) aan te gaan.
- Agab mans is onder andere ongeërg en onverantwoordelik en hulle abdikeer hulle posisie as priester, koning en profeet van hulle huishouding.
- Hulle wil ten alle koste aanvaar word en sal selfs die blaam vat vir iets waarvoor hulle nie verantwoordelik is nie, solank hulle net aanvaar word. Hulle dink altyd hulle is te blameer as dinge verkeerd gaan!
- Hulle sal selfs gaan omverskoning vra teenoor iemand wat hulle seergemaak het, net ten einde die verhouding te herstel en weer aanvaar en liefgehê te word! Hulle redeneer dat hulle die korrekte ding doen om weer die vrede te herstel maar eintlik “submit” hulle weereens onder die bose magte wat die Jezebel beheer en gee hulle hulle eie oortuigings en eie waarde prys. Hulle word weereens verneder en verkleineer om die minste te wees.
- Hulle kanaliseer hulle woede en frustrasie binnetoe (in hulleself). Dit kan op die lange duur die oorsaak van emosionele en fisiese siektes wees. Hulle voel soos 'n mislukking en eindig baie keer op in depressie omdat hulle so magteloos en uitgelewer voel.
- Hulle hou nie ander mense aanspreeklik vir die negatiewe gevolge van hul optrede nie.
- Hulle verdedig hulleself nie en sal toelaat dat hulle oor en oor verneder en beledig word.
- Hulle het gewoonlik 'n swak selfbeeld en voel soos 'n slagoffer (“victim”).
- Hulle gee later hulle eie identiteit heeltemal prys omdat hulle 'n allesoorheersende behoefte het om aanvaar te word en in te pas.
- 'n Agab onderdruk meeste van die tyd hul ware gevoelens. Dit kan egter op 'n stadium net uitbars en gewoonlik teenoor mense wat dit dan nie verdien nie. Hulle sê baie keer (na 'n lang stilte voor die storm) *“I do not get mad, I get even”*.
- Hulle betoon te veel genade teenoor ander. Hulle vergewe sonder om die ander persoon (gewoonlik 'n Jezebel) bewus te maak van wat hy/sy gedoen het en wat hulle seergemaak het. Hulle sal “vergewe en vergeet” sonder om die ander persoon

aanspreeklik te hou vir die verkeerde optrede en dit gee die ander persoon (Jezebel) die reg om die verkeerde optrede oor en oor te herhaal.

- Hulle is op die oog af “goeie” mense maar hulle is té goed want hulle laat toe dat hulle goedheid misbruik word en dat ander mense op hulle trap.
- Agab is gewoonlik ‘n martelaar en kry hom/haarself gedurig jammer sonder om aktiewe stappe te neem om die onreg reg te stel.
- Agab mans en vroue gaan gewoonlik kerk toe om polities, godsdienstig en sosiaal korrek te wees of vir persoonlike gewin en nie omdat hulle werklik lief is vir God nie (dis ook waar van Jezebel).

## 5. VERDEDIGINGSMEGANISMES VAN BEIDE 'N JEZEBEL EN 'N AGAB

Die wapens waarmee ‘n Jezebel of Agab gewoonlik poog om hulself mee te verdedig is die volgende:

- Ontkenning: ‘n Weiering om die werklikheid in te sien en te aanvaar (die werklikheid word uitgeblok) en die persoon tree op asof die omstandighede of pynlike gebeure nie bestaan nie.
- Projeksie: Die toerekening van iets ontstellends in hul lewe aan die optrede of geaardheid van iemand anders. Maw die persoon erken nie sy eie disfunksionaliteit nie.
- Onderdrukking: Die vrywillige of onvrywillige verwydering van iets van die bewuste denke en daarmee word dit onderdruk asof dit nooit gebeur het nie (alhoewel die persoon dit steeds onthou).
- Verplasing: Om ‘n onderdrukte emosie op iemand of iets anders te projekteer soos bv. om die hond te skop vir oënskynlik geen rede nie.
- Teenoorgestelde reaksie: Die onderdrukking van ‘n gevoel of impuls en die vervanging daarvan met die teenoorgestelde reaksie in ‘n oordrewe sin (bv. om die gevoel van haat te vervang met oordrewe liefdevolle optrede).
- Rasionalisering: Om valse logika te gebruik om jou optrede mee te regverdig (bv. “*Jy beskuldig my in elk geval van huweliksontrou so nou kan ek net sowel voortgaan en dit doen.*”)
- Intellektualisering: Om ‘n ervaring waarin mense seergekry het te stroop van enige emosies en bloot koud, klinies en intellektueel daarna te kyk.
- Patetiese pogings om die skade wat veroorsaak is ongedaan te maak bv. die man rand sy vrou geweldig aan en dan probeer hy daarvoor vergoed deur vir haar blomme te koop.
- Minimalisering/Verkleining: Om iets minder belangrik of substansieel te maak as wat dit eintlik is bv. ‘n vrou wat deur haar man geslaan word sal redeneer dat hy maar net gespanne is en dis hoekom hy so optree.

- Oordrywing of dramatisering: Wanneer 'n persoon 'n omstandigheid of belewenis oordryf en uit verband uit ruk (bv. die vrou vra die man vir bietjie lewensruimte omdat sy haarself wil uitsorteer en hy begin dan haar elke beweging monitor asof sy beplan om hom te verlaat of te verkul).
- Kompartementalisering: Om 2 of meer verskillende mense te wees bv. die man (Jezebel) sal in die openbare oog 'n nougesette christen en kerkmens wees maar in die privaatheid van sy eie huis slaan hy sy vrou en skel op sy kinders.
- Blamering: Om ander mense te blameer vir enige iets waarvoor die persoon nie bereid is om persoonlik verantwoordelikheid te vat nie (Jezebel). Kan ook onnodiglik hom/haarself blameer indien dinge verkeerd gaan (Agab).
- Oordrewe geestelikheid: Wanneer 'n persoon (Jezebel) nooit verantwoordelikheid vir hul verkeerde dade vat nie en altyd beweer dat die Here vir hulle gesê het hulle moet iets doen of nie doen nie.
- Dramatisering: Om aandag op jouself te vestig vanweë 'n verslawing aan drama (Jezebel).
- Filtrering: 'n Slagoffer mentaliteit – die persoon (Agab) ervaar alles deur 'n bril van om altyd 'n slagoffer te wees – hy/sy ervaar dus 'n vals werklikheid waardeur hy/sy sy/haar persepsie dat hy/sy altyd 'n slagoffer is versterk (Agab).
- Ontvlugting: Die persoon (Agab) vind iets om in te ontvlug sodat hy/sy nie die werklikheid in die oë hoef te staar nie bv. die vrou sal alewig in die kombuis besig wees en oor en oor op dieselfde plek opruim of die man begin drink ten einde van die ware probleem weg te vlug.
- “People pleasing”: Hierdie mense (Agab) leef soos verkleurmanneltjies. Hulle probeer alles vir almal wees en wil ten alle koste alle mense tevrede stel en altyd in almal se goeie boekies wees.
- Gepolariseerde denke: Die persoon (Jezebel) se gedagtes gaan heelyd van die een ekstreem na die ander bv. *“almal hou van my, ek is 'n fantastiese persoon”* en dan weer na *“niemand hou van my nie, ek is regtig nutteloos”*.
- Oorveralgemening: Om gevolgtrekkings oor mense te maak terwyl hy/sy (Jezebel) eintlik heeltmal te min inligting oor hulle het ten einde tot enige gevolgtrekkings te kan kom (bv. iemand kan tot die gevolgtrekking kom dat 'n persoon 'n alkoholis is nadat hy/sy hom een drankie sien drink het).
- Gedagtes lees: Die persoon (Jezebel) dink hy/sy weet outomaties altyd wat ander mense dink en nodig het. Daarteenoor verwag hy/sy ook dat andere outomaties moet weet wat hy/sy dink en wat hy/sy nodig het (Jezebel).
- Verpersoonliking: Die persoon (Jezebel) vergelyk hom/haarself altyd met ander en probeer indirek ander afkraak ten einde hom/haarself beter te laat voel.



- Moets en moenies: Die persoon (Jezebel) het 'n lys van "moets en moenies" oor hoe ander mense veronderstel is om op te tree. Dit lei tot onrealistiese verwagtings van self en ander.
- Emosionele redenering: Die persoon (Jezebel) redeneer altyd vanuit sy/haar verwonde emosies en laat toe dat sy/haar emosies sy/haar denke oorheers.
- Passiwiteit: Die opgee van Godgegewe outoriteit deur nie verantwoordelikheid te neem vir jou eie lewe nie of om jou eie emosionele behoeftes bevredig te kry (Agab). Geen of min weerstand word gebied teen onregverdige optrede van ander (Agab).
- Agressie: Om mense te beroof van hul Godgegewe outoriteit en nie hul persoonlike grenslyne te respekteer nie (Jezebel).

## 6. ONTSTAAN VAN 'N JEZEBEL

Hulle kom gewoonlik uit omstandighede (gewoonlik 'n huishouding) waar hulle baie seergekry het en/of ernstige en diepgaande verwerping ervaar het as gevolg van hul ouers en/of ander familieledede se optrede.

Die mens se grootste behoefte is om liefgehê en aanvaar te word. Die mens se grootste vrees is om verwerp te word.

Hulle is in hul sielsdimensie verwond, voel verwerp en het gewoonlik 'n ernstige gebrek aan sekuriteit. Hulle is dus baie onseker en het 'n vrees vir verwerping.

'n Jezebel persoonlikheid of demoniese vesting ontstaan as gevolg van 'n gebrek aan liefde en aanvaarding, gewoonlik in die kinderjare. Dit is feitlik seker dat mense wat erge verwerping as kinders ervaar het in 'n Jezebel persoonlikheid sal ontaard. Dit spruit egter ook voort uit 'n baie lae selfbeeld en groot onsekerheid oor hulself.

'n Jezebel persoon is dus in sy kern 'n diep verwonde en seergemaakte persoon wat ly aan verwerping en wat baie onseker voel as individu.

Joyce Meyer in haar boek *"Do Yourself a Favor... Forgive"* (2012 p. 22) verduidelik hoe sy 'n Jezebel geword het as volg: *"Not only was my father violent, my mother never confronted him. She was timid, so she cowered under his abusive authority. Not only did she not protect herself, but she didn't protect me, either. I learned to despise what I saw as weakness in her, and I determined early in life that I would never be weak or let anyone mistreat me. In an effort to protect myself, I became a controller. I thought if I kept everything and everyone under control then I would not get hurt, but of course my behavior did not work, because it was ungodly. My husband eventually used godly confrontation in our relationship, and although it took time, it helped me change."* Natuurlik is sy vandag heeltemal bevry van hierdie demoniese vesting (sy erken self dat sy meer as 100 keer gedurende haar kinderjare deur haar pa verkrag is).

## 7. ONTSTAAN VAN 'N AGAB

'n Agab persoonlikheid of vesting ontstaan baie keer as gevolg van 'n ouerhuis waarin óf die ma óf die pa (of beide) ernstige geestelike, emosionele en sielkundige probleme het. Die kind

word groot in 'n omgewing waar die pa of ma of beide perfeksioniste en werkholliste is. In hulle oë kan die kind nooit iets reg doen nie. Die pa en of ma kan nie eers met die kinders identifiseer alvorens hul groot genoeg is om te kan werk nie. Die kind begin naderhand sy eie waarde definieer aan die hand van wat hy kan doen. Die kind begin naderhand soos 'n mislukking voel omdat hy voel dat hy in die oë van sy ouers niks reg kan doen nie. Vir hierdie ouers het 'n kind net waarde as hy kan presteer. As gevolg hiervan leer die kind om baie passief te wees omdat hy nie in staat is om goed genoeg oor hom/haarself te voel nie. Die kind voel ook verwerp omdat hy/sy nooit geleer is dat hy/sy waardevol en uniek is nie.

'n Agab kan ook ontstaan in 'n huwelik of verhouding waar die een party (Jezebel) die ander een domineer en sy/haar waardigheid as 'n individu steel. Die party wat gedomineer word se selfbeeld en eie waarde word al swakker en naderhand probeer die persoon maar net die vrede bewaar en glo nie dat hul die vermoë het om op te staan teen dit wat verkeerd is in hul huwelik nie.

'n Agab ly dus aan onwaardigheid, minderwaardigheid en 'n swak selfbeeld.

'n Agab het dus sy wortels in demoniese blindheid waar Satan mense se eie waarde aanval tot op die punt wat dit hulle verhoed om op te staan vir hulleself en om situasies en konflikte te konfronteer.

Passiwiteit is dus 'n geestelike probleem wat sy ontstaan het vanweë die vrees vir mense ("fear of man").

Om passiewelik jou Godgegewe outoriteit prys te gee is 'n bose en onheilige ("evil") daad.

Dis belangrik om te verstaan dat 'n Agab persoonlikheid nie net "*per se*" onheilig of boos is nie maar hulle word ook bydraers tot verdure boosheid omdat hulle nie aktief die magte van die bose (bv. Jezebel) teenstaan nie.

## 8. DEMONIESE INVLOED - JEZEBEL EN AGAB

Die demoniese vestings in beide 'n Agab en Jezebel ontstaan as gevolg van die seer wat hulle gekry het (gewoonlik in die kinderjare) en hulle gebrek aan eie waarde en positiewe selfbeeld. Sulke persone maak gewoonlik innerlike beloftes ("inner vows") teenoor dié wat hulle verwond en seergemaak het (gewoonlik hul ouers) bv. "ek sal nooit weer iemand vertrou nie" of "ek gaan nooit weer toelaat dat iemand my seermaak nie". 'n "Deur" word dan in die gees oopgemaak as gevolg van hierdie innerlike beloftes wat die vyand (demone) 'n uitnodiging gee om in te kom. Dis gewoonlik as gevolg van 'n gebrek aan vergifnis van die persone wat hul seergemaak het. 'n Demoon sal bv. inkom as gevolg van haat of bitterheid teenoor 'n persoon wat die Agab of Jezebel seergemaak of teleurgestel het.

Persone wat so seergekry het in hul kinderjare bou dan vir hul beskermingmeganismes in die sielsdimensie op (ten einde nie weer seer te kry nie). Hulle sal bv. besluit om andere te beheer sodat hulle nie weer beheer sal word nie. Hulle vrees verwerping en daarom sal hul onbewustelik begin manipuleer en intimideer om altyd hul sin te kry. Uit hul onsekerheid spruit agterdog, jaloesie en gemeenheid voort. Al hierdie emosies in die sielsdimensie maak

deure oop in die gees vir die onderskeie demone om toegang tot die persoon se sieldimensie te kry.

Sodra die demone van Jezebel en Agab hul eie bose karaktertrekke in die persoon begin herken, sal hulle toegang neem tot die persoon se sielsdimensie en die vesting wat alreeds in die sielsdimensie bestaan versterk.

Die "regte" word dus in die sielsdimensie verleen en dan neem die bose geeste hul intrek.

## 9. AGAB EN JEZEBEL – 'N ONHEILIGE SPAN

Jezebel geeste is lief daarvoor om te "connect" met mense waarin daar 'n Agab gees is - dws "people pleasers" sonder "backbone" of ruggraat en wie gewillig is om hul goddelike outoriteit prys te gee en passief te word en nie op te staan vir hulself nie.

In 'n huwelik of verhouding trek Agab en Jezebel mekaar baie keer aan as gevolg van 'n onbewustelike begeerte om hulleself uit te balanseer. 'n Jezebel (man of vrou) sal 'n passiewe Agab uitsoek wie so desperaat soek na identiteit dat hy/sy amper die mishandeling in die huwelik sal verwelkom.

Daar is dus 'n onsienbare magnetiese aantrekkingskrag in die geestesrealm tussen 'n Jezebel en 'n Agab.

'n Agab gee dus onbewustelik aan 'n Jezebel sy/haar reg om te beheer en te domineer aangesien die Agab hom/haarself aan die Jezebel se mag ondergeskik stel.

Passiewe mense is nie noodwendig boos nie maar passiewe mense kan bondgenote van boosheid word indien hul nie standpunt inneem teen die aktiewe boosheid van Jezebel nie. Hulle versterk dan onbewustelik die boosheid van Jezebel.

Agab en Jezebel is altyd in 'n ongoddelike verhouding (maw wat God nie eer nie), ongeag of dit in 'n huwelik, 'n familie, kerk of besigheid is. In die een opsig haat die twee mekaar en in 'n ander bisarre opsig versterk hul mekaar se boosheid. Dit is met ander woorde meestal 'n liefde-haat verhouding.

## 10. DESTRUKTIEWE GEVOLGE VAN DIE JEZEBEL EN AGAB VESTINGS IN PRAKTYK

Die Jezebel en Agab geeste verwoes gesinne, families, verhoudings, kerke, besighede en uiteindelik ook die samelewing. Veral Jezebel speel 'n dominante rol hierin maar die Agab gees versterk dit en moet ook nie onderskat word ten opsigte van sy eiesoortige boosheid nie.

### 10.1 Agab (persoonlik)

Die Agab persoon verloor naderhand al sy/haar eie waarde en identiteit. Die persoon word deur andere gemanipuleer en misbruik en lewe 'n lewe van "defeat" (om oorwin te wees).

Passiwiteit lei gewoonlik tot groot onderdrukte woede en omdat die woede nie uitgelaat word nie (maar binnegehou word), kan dit tot depressie en ander liggaamlike en sielsiektes lei.

## 10.2 Jezebel (persoonlik)

'n Jezebel se destruktiewe gevolge op die mense om hom/haar is dat hy/sy wil hê dat hulle verwerp moet voel en moet oorgee aan gevoelens van hopeloosheid. Die Jezebel gees wil hê dat jy jou identiteit moet verloor asook jou Goddelike outoriteit en self waarde. Dit wil hê jy moet oorgee aan gevoelens van selfbejammering en 'n slagoffer mentaliteit.

In baie erge gevalle kan die demoniese gees van Jezebel aanleiding gee tot skitsofrenie.

## 10.3 Maskertemperament

Die persoon kan 'n maskertemperament ontwikkel bv. die persoon is van nature deur God geskape om 'n sosiale, opgewekte en uitgaande mens te wees wat hou van interaksie met ander mense en wat baie skeppend en kreatief is ('n sg. A persoonlikheid). Vanwee die onderdrukking en manipulasie van die Jezebel persoon in sy/haar lewe ontwikkel die persoon egter 'n masker temperament of persoonlikheid nl. om teruggetrokke, passief, onseker van hom/haarself, skaam en terughoudend te wees en om nie kans te wil waag of kreatief te wees nie ('n sg. D persoonlikheid).

## 10.4 Gesondheid – Siktetoestande

Jezebel se invloed in vrouens is onder andere dat hulle probleme kan ervaar met hul vroulike organe en die vermoë om kinders te kan hê.

Agab kan veroorsaak dat sy gasheer (man of vrou) aan depressie begin ly weens die konstante onderdrukking van frustrasie en emosies. In erge gevalle kan dit ly tot bipolarêre of selfs maniese depressie en pogings tot selfmoord.

Jezebel kan ook siktetoestande soos hoë bloeddruk en selfs trombose veroorsaak.

Onderdrukte onvergewingsgesindheid, haat en bitterheid asook selfhaat en selfverwerping kan verskeie siektes in beide 'n Jezebel en 'n Agab veroorsaak, onder andere verskeie kankers, artritis, veluitslae ens.

## 10.5 Huwelike/Verhoudings en gesinne

Mans/vaders wat hulle Godgegewe outoriteit prysgegee het word 'n Agab. Hul leef dan in algehele passiwiteit en hulle gee geen leierskap (geestelik of andersins) in hul huise nie.

Vrouens/moeders wat absoluut oorgegee het aan 'n dominerende man word 'n Agab. Hulle het oorgegee aan 'n leefstyl van passiwiteit en visielose spyt. Hulle oorleef net van dag tot dag en voel vasgevang in hul huwelik as gevolg van vrees.

In baie huwelike waar Jezebel en Agab regeer het die vrou uitverkoop vir sekuriteit en die man het uitverkoop vir seks. Nie een van die 2 is gelukkig of vervuld nie en hulle sal nooit ware intimiteit tussen man en vrou ervaar nie. Die passiewe een kies om 'n leuen te leef en betaal die prys om nie die aggressiewe een te konfronteer nie. Beide partye is oorwin en het opgegee en hul aanvaar hierdie leë bestaan sonder enige uitwaartse protes. Hoe hartseer is dit nie en dit terwyl Jesus ons lewe in oorvloed beloof het!

In 'n huwelik saam met 'n vrou wat 'n Jezebel is raak die man passief en gee sy Godgegewe outoriteit en leiersposisie oor aan die vrou.

Nie elke vrou wat egter die leiding neem in 'n huwelik is 'n Jezebel nie. Meeste vroue wat passiewe mans het verag eintlik sy optrede want hulle wil eintlik graag 'n man hê wat die leiding sal gee en hulle wil nie regtig al die besluite neem nie. Hierdie vroue aanvaar bloot die leiersposisie in die gesin omdat hul passiewe mans (Agabs) weier om dit te doen.

Kinders wat grootword in 'n huisgesin waar een ouer die Jezebel is en die ander Agab word baie onseker groot en hulle verag gewoonlik beide ouers. Die Jezebel-ouer word verag omdat hy/sy die kinders gedomineer het en hulle eie waarde gesteel het en die Agab-ouer word verag omdat hy/sy die kind nie teen die ander ouer kon beskerm nie. Baie keer word kinders wat uit so 'n huis kom self óf 'n Jezebel óf 'n Agab as gevolg van die bloedlynvloeke en die feit dat hul verwond is en baie seergekry het. Dit word meestal 'n bouse kringloop.

Volgens Ing is homoseksualiteit, lesbiese neigings en egskeidings 'n paar van die meer ernstige gevolge van 'n vesting van Jezebel in 'n gesin of familie. Aborsie is ook in baie gevalle die nalatenskap van die Jezebel gees.

In ons ervaring kom seksuele molestering en verkragting ook dikwels voor in gesinne (asook gemeenskappe) waar daar baie sterk vestings van Jezebel en Agab is.

## 10.6 Kerk

Jezebel is glad nie bang vir "godsdienste" (teenoorgestelde van geesvervulde ware verhouding met God) nie, tot die teendeel, gewoonlik is Jezebel baie aktief in "godsdienste". Jezebel staan egter baie sterk teen God se ware profete en teen die vloei van die Heilige Gees. Dit haat ook ware belydenis van sonde, nederigheid en intersessie gebed want dit is teenstrydig met hul vestings van hoogmoed, hardkoppigheid en trots.

In kerklike verband is hulle altyd daarop uit om vir hulle 'n posisie of titel te bekom waardeur hulle kan beheer, manipuleer en intimideer. Indien so 'n Jezebel sou optel dat 'n persoon sterk is en hom/haarself nie sal laat oorheers of domineer nie, dan sal hulle jou nie toelaat in daardie bediening of kerk nie.

In kerklike verband probeer 'n Jezebel altyd verdeeldheid en konflik bring want hy/sy weet dit sal die vloei van die Heilige Gees verhoed. Hulle staan God se outoriteit teen, wil hul eie agenda bevorder en saai saad van onenigheid om op die ou einde die leierskap in die kerk te ondermyn.

In die geval van 'n pastoor wat diep gewortelde onsekerhede en wonde in sy sielsdimensie het, kan hy begin om homself te isoleer en word dan 'n tiran met geen insette van of verantwoordelikheid teenoor enige ander persoon nie.

Passiewe (Agab) pastore sukkel om op te staan teen persone in die kerk wat 'n beherende gees het (Jezebel). Daar is dikwels ook 'n hoë prys om te betaal indien die pastoor die Jezebel sou konfronteer want die persoon is gewoonlik invloedryk en in 'n posisie om baie mense teen die pastoor te laat draai. Meeste passiewe pastore kies dus om niks teen so 'n Jezebel te doen nie en kies om eerder ander pad te kyk uit vrees vir wat die Jezebel aan hom/haar

kan doen. Die werk van die Heilige Gees sal in so 'n gemeente ernstig aan bande gelê word. Dit is dus veral in die kerk belangrik dat alle leiers 'n besluit moet neem of hulle "people pleasers" of "God pleasers" wil wees. (*"The fear of man is a snare"* - Die vrees vir mense is 'n lokval.)

Steve Sampson sê op p. 153 (Confronting Jezebel): *"Some of the most blatant acts of control I have ever seen have emanated from the pulpit. Control through manipulation, intimidation and fear has been used to trap people in a church or in an abusive situation, which is an illegitimate use of divine authority."*

Op bladsy 160 se Steve: *"In God's eyes, perhaps what these leaders (church leaders) are doing is running a business - one that has nothing to do with building His Church. Building a religious organization with a religious name does not always build His Kingdom. As God said to the church at Sardis, "You have a name that you are alive, but you are dead" (Rev. 3:1)"*

Richard Ing sê op bladsy 53 van sy boek "Spiritual Warfare" die volgende oor Jezebel in die kerk: *"The church must deal with Jezebel, or she will kill it with spiritual death. I suspect that many of the problems pastors have in leading the sheep are due to the Jezebel spirit. She will cause church splits, dryness and slumber."* Dit beteken egter nie dat elke persoon wat hom/haarself sou uitspreek teen sekere dogma, rituele, kerklike strukture en lering noodwendig deur Jezebel beheer word nie. In baie gevalle tree sulke mense juis onder die leiding van die Heilige Gees op om juis die beheer en manipulasie van Jezebel in die kerklike leiding teen te staan (die hervorming wat gedurende die middeleeue te weeg gebring is deur onder andere Martin Luther is 'n goeie voorbeeld hiervan).

Die Jezebel gees is 'n teenstaander van die ware profetiese stem van God. Die Jezebel gees se bedoeling is om of God se ware profete te kry om kompromieë oor profesie aan te gaan. Die Jezebel gees is daarop uit om valse profesie in die kerk in te bring wat destruktief is en daarop uit is om die kerk en die kinders van God seer te maak en te mislei.

Volgens Ing (p. 53) hou 'n Jezebel persoon in die kerk gewoonlik daarvan om te profeteer oor ander mense. Hy/sy doen hulle egter voor as profete maar eintlik wil hulle net mense beheer en manipuleer want wie kan nou sry indien iemand sê: "so sê die Here"? Hulle wil egter gewoonlik nie oor geprofeteer word nie want dit mag dalk hulle ware identiteit ontbloot en hulle oproep tot verandering. Dit wil egter weereens nie sê dat alle profete of geesvervulde kinders van die Here wat profeteer 'n Jezebel gees in hulle het nie. Die gawe van onderskeiding moet aangewend word om vas te stel of die profesie werklik van die Here af kom en of sy oorsprong in manipulasie en beheer gesetel is.

Agab se vesting onder kerklike leiers is gewoonlik om ten opsigte van die Woord van God kompromieë aan te gaan in hulle preke en uitgangspunte met lidmate ten einde niemand te affronteer nie en almal te laat goed voel sodat maksimum donasies en ander inkomste vir die kerk gegenerer kan word. Hulle vrees dat indien hulle die Woord suiwer sou verkondig dit mense mag affronteer en dat hulle dan na 'n ander kerk toe sal gaan en nie meer hierdie kerk finansieel sal ondersteun nie.

Ten einde te onderskei in die kerk of leiers onder die invloed van Jezebel en/of Agab staan, moet lidmate ondersoek of hierdie leiers nederig, opreg en in 'n dienende gesindheid hulle roeping in die kerk en onder die lidmate vervul (Ing p. 54).

Die Jezebel gees is 'n teenstaander van ware erkenning van skuld en die gevolglike rekonsiliasie met God as 'n gevolg daarvan. Waar daar geen erkenning van sonde en ware berou is nie, kan die ware wedergeboorte nie plaasvind nie. Dit veroorsaak dat baie mense bloot die Koninkryk van God sien maar nooit daar ingaan nie.

Jezebel is die gees wat wil hê dat ons mislei moet word in die kerk deur allerhande oënsynlike tekens en wonders, selfs wanneer hulle nie in ooreenstemming met die Woord van God is nie of wanneer dit probeer om die Woord van God te vervang in plaas van om dit te bevestig. Mense kan maklik deur valse tekens en wonders mislei word aangesien dit baie aantreklik is vir ons vleeslike natuur en dit gebruik kan word om mense te beheer en te manipuleer. Jezebel kry ons sover om tekens en wonders na te streef vir die verkeerde redes of motivering.

Jezebel is ook verantwoordelik vir die feit dat so baie mense in die kerk deesdae vasgevang is in 'n blote intellektuele verstaan van God in plaas van dat ons ware openbaring van God en geestelike groei nastreef.

#### 10.7 Samelewing

Die prinsipaliteit van Jezebel is agter die pornografie bedryf (saam met die magte van "Lust" (Wellus), Homoseksualisme, Asmodee en liefde vir geld (Mammon)).

In die politiek asook enige sfeer van die samelewing, waar daar beheer, kontrole en manipulering voorkom, funksioneer die gees van Jezebel.

In die apartheidjare het die gees van Jezebel baie sterk deur die Broederbond, die NG Kerk en die Nasionale Party gewerk omdat hulle saamgespan het om te domineer en te manipuleer, tot so 'n mate dat hul selfs die kerk infiltrer het en gebruik het as 'n instrument om hul onheilige doelwitte te bereik.

#### 10.8 Besigheid

In 'n besigheidskonteks is Jezebels verseker nie "team players" of spanspelers nie. Hulle is uiters onafhanklik en deel nie maklik hul mag en posisie nie. Hulle is slegs toegewyd tot hulle eie wil, denke en opinies.

Indien jy 'n Jezebel in besigheid sou teenstaan, sal jy verseker 'n prys betaal. Dit is hoekom so baie mense bang geword het vir konflik en onbewustelik 'n Agab mentaliteit aanneem. Hul is letterlik bang vir die gevolge, sou hul dit durf waag om teen 'n Jezebel in die werkplek "op te staan".

### 11. **WATTER DESTRUKTIEWE EFFEK HET DIE DEMONE VAN JEZEBEL EN AGAB IN DIE GEESTESREALM?**

Agter die demone van Jezebel en Agab staan die prinsipaliteite van Asterof/Astarte (ook bekend as die "Queen of Heaven") en Baäl. Dit is ook van dieselfde demone wat agter beide die Vrymesselaarsbeweging en die Broederbond staan.

Richard Ing in sy boek "Spiritual Warfare" op bladsy 52 is van mening dat die demoon Jezebel gewoonlik in die vroulike organe sy vesting het. Hierdie mening word egter ook gehuldig deur JT Timmons in sy boek "Misterious Secrets of the Dark Kingdom" waar hy praat oor Asmodee.

Dogters wat onder 'n invloed van Jezebel in hulle gesinne groot word is geneig om 'n belangstelling in hekserij (toordery) te toon as 'n manier om beheer en mag oor mense te verkry (Ing, p. 52). Hierdie stelling van Ing in sy boek het ons al in die praktyk teëgekóm.

Ing (p.64) sê ook dat waar daar okkultiese bedrywighede is sal die Jezebel gees ook aanwesig wees omdat hierdie demoon werk deur hekserij, waarseëry en astrologie. Hierdie stelling het vir ons prakties waar geword toe 'n demoniese sielskopie ("DSK") wat ingekom het op grond van die vloek van Vrymesselary (die persoon wat bedien is se oupa wat in Vrymesselary was) vir ons gesê het dat sy demoniese vestings beide Vrymesselary en Jezebel is. Dit bevestig vir ons dat Jezebel ook in Vrymesselary werk wat eintlik logies sin maak omdat Vrymesselary nie net sterk is op misleiding nie (Lucifer) maar ook die mense in die organisasie beheer en manipuleer (sterk eienskappe van Jezebel).

In praktyk en wanneer ons mense as dissipels van Christus na vrymaking lei, het ons al verskeie demone van Jezebel en Agab van verskillende sterkte teëgekóm. Dit kom in mans en vrouens voor en die betrokke demone is dus glad nie slegs tot een geslag beperk nie. Hulle is van die sterkste en mees afskuwelike demone. Hulle lag ons gewoonlik uit en is baie selfversekerd en vol bravade.

Ons het ook al baie gekry dat die demone van Jezebel en Agab saam in een persoon voorkom. Dit is 'n bewys daarvan dat 'n betrokke persoon in een omstandigheid (bv. sy huwelik) kan optree as 'n Jezebel (die demoon neem beheer oor) en dan by die werk word hy weer die Agab (die demoon neem beheer oor as gevolg van bv. 'n sterker Jezebel demoon wat in sy baas is).

Ons het al verskeie kere gekry dat Jezebel en Agab 'n "stronghold" (of vesting) in 'n familie vorm en dat dit 'n bloedlynvloek word (bv. die Ouma, die Ma en die dogter is almal met die demoon besmet en toon dieselfde demoniese karaktertrekke).

Wanneer daar so 'n bloedlynvloek van Jezebel (en/of Agab) in 'n bloedlyn (familie) bestaan kry ons ook dat demoniese sielskopieë (DSK'e) oorgaan. 'n DSK is nie 'n demoon (onheilige gees) nie maar 'n sielsdimensie (wil, intellek en emosies) van 'n ander persoon (wat nog lewe of al dood is) wat deur demoniese werking (in hierdie geval die demoniese vestings van Jezebel en Agab) ge"copy" en ge"paste" word in die ander persoon in. Ons het al verskeie gevalle gehad waar daar DSK's van die hele familie (pa, ma, broers en susters) in die persoon is vanwee die vestings van Jezebel en Agab in die gesin. Hoe weet ons dit? Ons praat met die DSK'e voor Jesus hul uitruk en vra hulle wat hul "stronghold" of vesting is. DSK'e is egter 'n geheel en al ander opleidingstema en dus kan dit nie hier in besonderhede behandel word nie.

Die demone en DSK'e beheer dan so 'n persoon van binne af en soms is hierdie bese vestings so sterk dat die persoon werklik hulp nodig het van goed toegeruste dissipels van Christus ten einde blywend vry te kan kom.



Dit verklaar dan ook vir ons hoekom 'n gewone gebed en selfs vergiffenis en vrypraak nie altyd genoeg is om 'n persoon na blywende vryheid in Christus te begelei nie. Die DSK'e wat die demoniese vesting versterk sê net bloot "wel, ons beheer nog die persoon van binne af so geen gebede en belydenisse en vryspraak gaan help nie". 'n DSK, omdat dit 'n sielsdimensie of persoonlikheid is, kan nie bloot uitgedryf word nie. Dit word deur Jesus self uitgeruk maar slegs wanneer die persoonlikheid of sielsdimensie bereid is om Jesus se gesag te aanvaar en om die vloek of demoniese vesting terug te trek. Met DSK'e geld die geestelike wet van "vrye wil" dus kan 'n DSK nie uit 'n persoon gehaal word indien die DSK nie wil "saamwerk" nie. In praktyk vind ons egter, vanwee die salwing van die Heilige Gees, dat DSK'e meestal saamwerk (al is dit soms na 'n gesukkel om hulle sover te kry) en veral as die persoon wat bedien word hulle self nie meer wil hê nie.

Indien daar egter seer in 'n persoon se lewe was (bv. trauma as jong kind wat verkrag is) en die volwassene is nie gereed om met daardie trauma te deel nie (met ander woorde om dit voor die kruis van Jesus neer te sit en die persone wat hom/haar seergemaak het vry te spreek en te vergewe nie) dan sal die DSK nie uitgaan nie (selfs nie eers homself openbaar nie) want hy/sy weet dat sy "regte" in die persoon (op grond waarvan hy/sy in die eerste plek ingekom het) beskermd is.

Hierdie demone en die DSK'e wat deur hulle in plek gehou word, het dus 'n absoluut verwoestende effek in die geestesrealm en kan mense asook families, besighede en uiteindelik die samelewing vernietig.

Die Bruid van Christus moet dus absoluut toegerus word met kennis en opleiding ten einde weerstand te kan bied en om as opgeleide dissipels van Christus ander na vryheid, genesing en heelmaking te lei.

### 11.1 **Praktiese voorbeelde**

#### VB. 1:

In 'n sessie met 'n dame het ons haar hele familie (wat almal nog leef, behalwe haar pa) as DSK'e in haar gekry. Die gesin was (en is tot 'n mate steeds) uiters disfunksioneel en die pa het die ma en kinders fisies, emosioneel en verbaal mishandel. Die pa was (toe hy nog geleef het) 'n ekstreem Jezebel wat almal in die gesin fisies, emosioneel en geestelik gedomineer het. Die ma, wanneer sy by die pa was het gefigureer as Agab (vanwee die dominasie en manipulering) maar wanneer sy nie by die pa was nie, dan het sy weer die demoniese eienskappe van Jezebel aangeneem (omdat sy ook baie seergekry het en dit vir haar 'n beskermingsmeganisme teen verdere seerkry geword het). Die ma het dan juis ook 'n Jesebel gees gemanifesteer (wat toe uit is) toe ons haar bedien het.

Wanneer die DSK'e manifesteer, praat ons gewoonlik met hulle om uit te vind wat hulle "strongholds" of vestings in die persoon is (m.a.w. wat hulle die reg gee om in die persoon te werk). Dit is onder andere wat van die DSK'e gesê het -

*Pa (oorlede):* Hy is in haar want hy wil hê dat sy liefde wat seermaak moet ervaar. Hy wil veroorsaak dat haar man/kêrel haar moet slaan (fisies aanrand). Hy het ook gesê hy is in haar

want "she is my daughter" (dit wys op die beheer element - omdat sy sy dogter is, redeneer hy dat hy die reg het om haar seer te maak.

*Ma (lewe nog):* Sy is in haar dogter op grond van "control en manipulation". Sy veroorsaak skuldgevoelens by haar dogter as gevolg van die slegte keuses wat sy maak (waartoe sy haar beheer en manipuleer). Sy werk met manipulasie. Sy (die DSK) het erken dat haar demoniese "stronghold" Jezebel is. Ons het hierdie dame (die ma) ook (by 'n vorige geleentheid) persoonlik bedien en toe het sy uit haar eie aan ons genoem dat sy haar kinders beheer en manipuleer. Wat die DSK vir ons gesê het was dus bevestigend van wat ons, op daardie stadium, reeds geweet het.

*Ouer boetie (leef nog):* Sy vesting in haar is "overprotection" of oorbeskerming. Hy het die volgende gesê: *"If I do not look after her, who will? She hurt herself before because I was not there. Everybody always hurts her."* Dit dui op 'n sieklike en behepte liefde wat ook die tipe liefde is wat deur die vesting van Jezebel manifesteer. Dit is amper 'n versmorende en beherende liefde.

*Jonger halfbroer (leef nog):* Hy het gesê dat hy niks van haar hou nie en dat hy kwaad is vir haar. Hy wil hê dat sy verwerp moet word want hy is die "baba" van die gesin en hy wil graag al die aandag hê. Hy alleen wil al die liefde van die ma hê. Hy het erken dat sy demoniese vesting selfsug, manipulasie en beheer is (almal kerneienskappe van Jezebel).

*Jonger susse (leef nog):* Sy het gesê dat die dame haar altyd beskerm (hul is beide as baie jong kindertjies seksueel gemolesteer) en dat die sussie lief is vir haar. Weereens sien ons dat dit 'n tipe liefde is wat voortspruit uit die feit dat beide mishandel is en dieselfde seer het en dit is 'n liefde wat nie net beskermend is nie maar selfs beherend en manipulerend. Weereens kan mens die voetspore van die Jezebel vesting daar vind.

## VB. 2

'n Ander dame wat ons bedien het, het vertel van haar ouers en haar kinderjare en ons het afgelei dat haar Ma 'n ekstreme geval van Jezebel was en haar Pa van Agab.

Sy het vertel dat die Ma bv., toe die dame nog 'n kind in die huis was, 'n openlike owerspelige verhouding gehad met 'n man en glad nie 'n geheim daarvan gemaak nie. Dit was tot so 'n mate dat die dame wat ons kom sien het se suster en broer deur die "ander" man verwek is. Haar Pa het altyd van die verhouding wat die ma met die ander man gehad het geweet en dit so aanvaar. Die Pa het die Ma verafgod en sy kon niks in sy oë verkeerd doen nie. Haar Pa het ook die ander twee kinders (wat buite die eg verwek is) as sy eie aanvaar.

Hulle het in hierdie abnormale lewenstyl voortgegaan en die Ma het dit (die buite-egtelike verhouding) geregverdig in haar eie oë. Die dame het ook vertel dat haar Ma openlik vir haar Pa gesê het dat sy hom nie meer liefhet nie en as gevolg daarvan het hulle in aparte slaapkamers geslaap. Haar Pa het egter aangehou om haar Ma te verafgod en steeds het hy haar optrede en buite-egtelike verhouding goedgekeur en aanvaar.

Die dame het gesê dat haar ma nooit tyd gehad het vir haar nie. Later het die Ma egter "agrofobia" (vrees om buitentoe te gaan) ontwikkel en toe het die dame wat ons kom sien

het skielik nuttig geraak want sy (die ma) het haar (die dogter) nodig gekry. Hierin sien ons ook weereens die manipulasie en beheer van Jezebel aangesien hulle mense beheer en manipuleer vir hul eie selfsugtige gewin.

Die manier hoe hierdie dame onder sulke ekstreme gevalle van Jezebel en Agab groot geword het het haar baie onseker van haarself gelaat aangesien die ma haar heelyd afgekraak het (en selfs in kompetisie met haar was oor goed soos voorkoms) en omdat die pa nooit werklik vir haar opgekom het en haar beskerm het nie. Kinders voel baie onveilig in so 'n Agab-Jezebel verhouding en as gevolg daarvan ontaard hulle ook baie keer in óf 'n Jezebel óf Agab (die bose kringloop gaan voort).

Weens hierdie demoniese vestings van Jezebel en Agab in haar lewe was die ma asook die jonger boetie (wat op 2 dood is aan leukemie) beide DSK'e in haar. Ons vermoed dat hierdie DSK'e ook 'n groot aandeel daarin gehad het dat sy later baarmoederkanker ontwikkel het na die onverwagse afsterwe van haar jarelange eggenoot wat 'n groot steunpilaar in haar lewe was.

## 12. GOD SE WIL VIR ONS LEWENS IN DIE KONTEKS VAN JEZEBEL EN AGAB

God wil nie hê dat ons Agabs of Jezebels wees nie. Hy wil hê ons moet aktiewe vredemakers en nie vredebewaarders wees nie.

Ons moet ons Godgegewe outoriteit en identiteit besef en ons moet 'n persoon met wie ons in konflik is in liefde konfronteer met die doel om vrede te bekom (nie te bewaar nie). Hierdie uitgangspunt lei tot langtermyn vrede en nie tydelike vals vrede nie.

Joyce Meyer (2012, p. 23) sê dat alhoewel God ons tot vrede geroep het en ons in alle situasies vrede moet soek, beteken dit nie dat ons konflik met mense wat ons sleg behandel moet vermy nie. Sy sê verder dat goddelike konfrontasie begin deur net te konfronteer wanneer God ons daartoe lei. Te veel konfrontasie op die verkeerde tyd kan ook net 'n persoon daartoe lei om sy/haar woede op jou uit te haal. Sy sê ons moet altyd kalm bly en die probleem in liefde aanspreek sonder om self kwaad te word (Spr. 15:1, Spr. 15:4 en Spr. 25:15).

Indien ons sou toelaat dat die vyand ons identiteit in Christus steel, dan verloor ons ons identiteit as seuns en dogters van God wat waarlik na die beeld van God geskape is. Ons moet die diefstal van ons Goddelike identiteit (as kinders van God) keer deur te besef wat ons identiteit in Christus is (Gal 2:10) en dat dit nie lê in wat ons bereik, waar ons lewe of wat ons verdien of besit nie. Ons moet waak teen 'n gesindheid van "as dit U wil is" en eerder doelgerig dit waag om die Koninkryk van God op aarde te laat kom en skade te berokken aan die strategieë en leuens van die vyand (Satan). Onthou dan ook dat die Here jou as 'n instrument in Sy hande wil gebruik om aktief die bose vestings van Agab en Jezebel af te breek.

Ons moet 'n selfgeldende, doelgerigte en aktiewe lewensstyl volg as 'n seun of dogter van God wat deur Hom geregtig en geheilig is asook waardig verklaar is.

Die skaal tussen passief en agressief kan as volg voorgestel word:

1 \_\_\_\_\_ 2 \_\_\_\_\_ 3 \_\_\_\_\_ 4 \_\_\_\_\_ 5 \_\_\_\_\_ 6 \_\_\_\_\_ 7 \_\_\_\_\_ 8 \_\_\_\_\_ 9 \_\_\_\_\_ 10

Passief                      Aktief, selfgeldend en doelgerig                      Aggressief

Jesus wil nie hê ons moet óf passief óf agressief wees nie. Nie een van die 2 ekstreme vorme eer God nie. God wil hê dat ons aktief, selfgeldend en doelgerig moet wees. Ons moet met ander woorde opstaan vir dit wat reg is en nie boosheid toelaat om ons Godgegewe identiteit en outoriteit te steel nie.

Jesus wil hê dat ons sterker moet opstaan teen hierdie 2 demoniese vestings. Die Here wil hê ons moet die gees van Jezebel aktief konfronteer. Ons moet nie konflik vrees nie. Ons moet besef dat ons te staan kom teenoor 'n bose gees. Alhoewel ons deernis en liefde moet betoon teenoor die mens wat deur die bose gees beset word, moet ons die bose gees self 'n doodskoot gee (maw geen genade betoon nie).

Die enigste manier om met enige een van hierdie bose geeste te werk is om hulle uit te daag en hulle te laat weet dat hul optrede onaanvaarbaar is en dat jy weier om toe te laat dat hulle voortaan so teenoor jou optree.

Jesus wil hê dat ons die wat teenoor ons oortree in liefde moet konfronteer (nie in haat of woede nie).

Dit is tot die eer van God indien ons kies om ons probleem te konfronteer en daardeur te lewe met selfrespek terwyl ons deurentyd gesonde skeidslyne trek vir onself en ons verhoudings.

Steve Sampson sê (*Confronting Jezebel* (2012) p. 110) ons moet nooit probeer om 'n Jezebel alleen te konfronteer nie. Sorg altyd dat jy 'n getuie het want hy/sy sal leuens vertel en ontken of die waarheid verdraai. Daarmee saam moet jy jou feite agtermekaar kry en dit selfs dokumenteer. Die Jezebel sal die feite probeer ontken of verdraai en jou beskuldig dat jy oordryf.

Verder se Steve (p. 110) dat ons die waarheid op 'n baie direkte manier moet praat en nie met die persoon moet simpatiseer nie. Onthou dat jy te doene het met 'n demoon. Moenie dat die persoon op jou gevoel speel deur groot krokodilrane te huil of 'n dramatiese emosionele uitbarsting te gee nie.

Volgens Steve (p. 110) sal 'n demoon van Jezebel ook soms, wanneer dit gekonfronteer word, wegkruip en dan mag die persoon tydelik voorkom asof daar niks fout is nie. Moet nie deur die misleiding beïnvloed word nie.

Ons moet 'n lyn in die sand trek en weier om die persoon met die Jezebel gees toe te laat om oor daardie lyn te tree.

Die meeste gelowiges maak die fout om té tegemoetkomend met 'n Jezebel te werk. Ons moet nie toegee tot 'n valse vrede nie. God wil hê ons moet aggressief teenoor 'n Jezebel opstaan en nie sag met die demoon werk nie. Ons moet genadeloos wees en die demoon 'n doodskoot gee sonder simpatie (kyk na die verhaal van *Jehu* in die Bybel - 2 Kon. 9: 30 - 31). Ons kan nie onderhandel met 'n demoon van Jezebel nie, ons moet wel die persoon wat in sy greep is liefhê maar ons moet die demoon en sy optrede haat en aktief teenstaan.

God se in Jak. 1:8 dat Hy "double-mindedness" nie goedkeur nie en dat so 'n persoon onbestendig is in alles wat hy doen.

Die Bybel is duidelik dat God egskeiding haat. Die Bybel is egter ook duidelik dat God leuens, ontrouheid, manipulasie, beheer, misbruik en onenigheid haat. Ons moet dus onself afvra wat God meer behaag – is dit Sy wil dat ons bymekaar bly in 'n huwelik bloot om godsdienstige denke te bevredig en dus 'n totale leuen te leef? As ons by mekaar bly bloot omdat ons in "denial" is en ter wille daarvan om 'n godsdienstige front voor te hou en nooit die leuen te konfronteer nie, dan leef ons nie maar is ons dood en dit gee geen eer en glorie aan God nie.

In 'n huwelik is dit korrek vir die een persoon om die ander een na heelheid (genesing) te roep. Indien die ander persoon weier, dan moet 'n besluit oor die verhouding geneem word. Baie dikwels sal die Agab persoonlikheid maar besluit om 'n leuen te leef en voort te gaan in die ontkenning.

Die wêreld het die Koninkryk van God desperaat nodig. God wil hê dat elke gelowige 'n instrument in Sy hand sal wees om Sy Koninkryk aan die wêreld bekend te stel. Indien ons ons identiteit in Christus verloor en passief word deur heelyd in die verlede te leef, minderwaardig en onwaardig te voel, dan kan ons nie vir God se koninkryk van nut wees nie.

God wil hê ons moet ontoegeeflik wees teenoor die Jezebel en Agab geeste in die kerk. Ons moet ons sondes bely en in nederigheid en liefde die waarheid meer lief hê as populariteit en reputasie. Net soos Jehu se opdrag was om die koninkryk te verlos van die vuil en demoraliserende invloed van Agab en Jezebel, gaan daar ook vandag 'n Roepstem uit vir hulle wat bereid is om op te staan teen hierdie prinsipaliteite sonder om toe te gee en met hul kompromieë te tref.

Ons moet zero-toleransie teen die Jezebel gees hê en sy onheilige taktiek ontbloot.

### **13. WAT INDIEN EK VERMOED DAT EK 'N JEZEBEL/AGAB IS?**

Indien jy vermoed dat jy of 'n Agab of 'n Jezebel is, vra dan die Here om aan jou die waarheid te openbaar en om vir jou die wortel (oorsaak) daarvan te wys en om jou te help om vry te kom daarvan.

Nou dat jy die oorsaak en werkinge van hierdie onheilige vestings verstaan behoort jy self onder begeleiding van die Heilige Gees en deur gebed en vergiffenis en vrypraak (van die mense wat jou seergemaak het) baie ver te kan kom om Jesus toe te laat om die onheilige vestings af te breek.

In gevalle van baie erge demoniese onderdrukking asook in gevalle waar hierdie vestings in 'n familiebloedlyn is of waar daar baie erge trauma (veral seksueel) in die kinderjare was, sal dit egter raadsaam wees om die hulp van ervare dissipels van Christus in te roep wat saam met jou kan bid en wat die nodige kennis en ervaring het om jou in die vrymakingsproses van Jesus te begelei.

DSK'e is, in ons ervaring, ook nie iets wat sommer vanself en as gevolg van gebed uitgaan nie. Weereens is die hulp van ervare dissipels van Christus hier noodsaaklik ten einde bevryding daarvan te kry.

#### 14. HOE KOM MENSE WAT ONDERDRUK WORD DEUR 'N GEES VAN AGAB OF JEZEBEL VRY?

Dit is makliker vir 'n Agab om vry te kom van die demoniese vesting as vir 'n Jezebel. Agab moet slegs leer om gesonde skeidslyne neer te lê en te besluit dat hulle nie meer 'n passiewe lewe gaan ly nie maar gaan opstaan vir dit wat reg is. Hulle moet ook besluit om aktief weerstand te bied teen die Jezebels in hul lewe. Dit is egter gewoonlik nie so maklik vir 'n Agab wat reeds jare in die vesting vasgevang is om vry te kom nie aangesien hul passiewe gewoontes baie sterk oor jare in hul sielsdimensie (veral hul denke) gevestig het en daar waarskynlik reeds sterk demone is wat die vesting beskerm.

Jezebels het gewoonlik geen begeerte om te verander nie en dit is ook baie raar indien hul sou verander. Tussen die lae selfbeeld en die opgeblase ego weerhou hul trots hul daarvan om te erken hoe verwond hul eintlik is. Dit is 'n baie moeilike patroon om te breek (dié van Jezebel) behalwe as die persoon volkome onder Jesus se outoriteit sou buig en sou instem om heelhartig saam te werk om te verander.

Die passiewe Agabs is gewoonlik eerder die mense wat hulp soek en wil uitbreek uit die destruktiewe spiraal omdat hulle ervaar dat hul voortdurend aan die kortste end trek en misbruik word.

Die agressiewe Jezebels soek egter selde hulp want hulle kan gewoonlik nie sien wat die probleem is nie (ontkenning) en hulle hou van die oënskynlike mag en beheer wat hul oor ander mense het.

'n Ware en "opregte" Jezebel (maw onder demoniese invloed) verander selde. Hulle geniet hul dominerende en om altyd hul sin te kry asook die mag wat hulle oor die Agabs in hulle lewe het. Hulle is dus heel gelukkig met hul leefstyl en dit gee hul 'n vals gevoel van posisie en krag! Dit gaan egter ook oor hoe erg gewond die persoon is want in ekstreem gevalle is die mure wat die persoon om homself gebou het om hom/haarself te beskerm eenvoudig net so hoog dat dit nie lyk of hul ooit sal afkom nie. In so 'n geval kan slegs Jesus die persoon genees met bemiddeling van dissipels wat die persoon deur diep innerlike genesing kan help sodat die wonde (wat gewoonlik baie diep lê) kan genees.

Indien onseker en gewonde persone met die waarheid gekonfronteer word, dan beskou hulle feitlik altyd die persoon wat hul konfronteer as die "vyand" en hulle loods 'n teenaanval. Inderwaarheid is daar feitlik geen groter gramskap as juis die van 'n dominerende beherende persoon (Jezebel) wat gekonfronteer word nie. Hierdie persoon sal op 'n sterk manier 'n teenaanval loods, nooit skuld erken nie en gewoonlik nie hul mag afstaan nie.

Mense wat baie onseker en verwond is kan ook nie opbouende kritiek aanvaar nie want enige kritiek word gesien as verwerping. Daarom sal 'n Jezebel selde erken dat hulle verkeerd was.

'n Jezebel se persoonlikheid en optrede is meestal gevorm vanuit 'n leeftyd van verwronge denke en "in beheer wees". Die Jezebel karaktertrekke is gewoonlik so ferm vasgemaak in hulle persoonlikhede dat om net die demoon uit te jaag gewoonlik nie die hele probleem sal adresseer nie. Die persoon moet onderneem en toegewyd wees daartoe om hul denke te

vernuwe en elke gedagte gevange te neem en dit gehoorsaam aan Christus te maak (Rom. 12:1, Ef. 4: 23 & 24).

As 'n persoon wat vasgevang is in die demoniese vesting van Jezebel wil vrykom, moet hulle ernstig begeer om vry te kom en gewillig wees om te verander. Dit neem opregte belydenis van sonde en erkenning van die boosheid van die vesting in hulle ten einde die deur te kan toemaak op 'n Jezebel gees.

Indien een party in 'n huwelik bv. sou besluit om uit hierdie demoniese vesting uit te breek en te soek na verandering, verlossing en genesing en die ander party wil nie uitbreek nie en is tevrede om in die vesting te bly (bv. die party wat die Jezebel is) dan kan dit heel moontlik lei tot 'n skeiding of selfs egskeiding.

Die sleutel tot bevryding van hierdie demoniese vestings is om die innerlike beloftes (wat gemaak is as gevolg van die seerkry) te bely as sonde, om vergifnis te vra en dit terug te trek en uit te kanselleer in die naam van Jesus en om die persoon wat teenoor die Agab of Jezebel oortree het opreg te vergewe en vry te spreek.

Om vir 'n Jezebel of Agab te bid dat hulle daarvan verlos sal word is nie die regte strategie indien hulle nog in "denial" is en nie self 'n begeerte het om vry te kom nie. Bid dan eerder dat die persoon 'n goddelike openbaring sal kry van die feit dat hulle bevryding nodig het en dan 'n begeerte sal ontwikkel om vry te kom.

## 15. **SLOTOPMERKING**

Kennis van die geestesrealm is noodsaaklik ten einde die strategieë van die vyand te herken maar moet deur gelowiges met groot verantwoordelikheid hanteer word.

Dit beteken dat indien sekere van die eienskappe van óf Agab óf Jezebel in iemand opgemerk sou word, ons nie so 'n persoon summier as 'n "Jezebel" of 'n "Agab" moet etiketteer nie. Moet ook nie so 'n persoon sommer summier tromp-op loop en probeer om die "demon" uit te dryf nie. Soos hierbo genoem, is die vesting van óf Jezebel óf Agab dikwels bloot in die persoon se denke en persoonlikheidseienskappe gesetel en vereis dit 'n vernuwing van denke en 'n wilsbesluit om te verander wat net met begeleiding van die Heilige Gees (en indien die persoon hom/haarself absoluut sou onderhewig stel aan die gesag van Jesus Christus) bereik sou kon word.

Die sleutel tot enige bevryding van welke aard ook al is steeds die liefde van Christus en indien ons nie in liefde (*agape*) wandel in ons omgaan met mense nie (selfs die wat erge demoniese onderdrukking beleef) sal ons veroordelende gesindheid waarskynlik verhoed dat hulle toelaat dat Jesus hulle kan vry maak.

Ons vra dus elke leser van hierdie dokument om oor die inhoud hiervan te gaan bid en om dit uiters verantwoordelik en slegs onder begeleiding van die Heilige Gees in hul lewens te gaan toepas en aanwend.

Ons wil mense vir Christus se Koninkryk wen en hulle nie afstoot deur etikette om hulle te hang, hul te veroordeel en as "boos" uit te kryt nie.

NB: Slegs teen liefde (agape) uitgeoefen in die outoriteit van Jesus, het die bese geen antwoord nie...

#### 15. GEBED

*"Here Jesus, help my om met onderskeiding en empatie maar tog ook ferm, die vyande van U kruis onbevrees uit te daag. Help my om nooit weer die bese aktiwiteite en gesindhede van die Jezebel and Agab geeste te aanvaar en myself daaraan onderhewig te stel nie. Help my om hulle in liefde te konfronteer en om nie die gevolge te vrees nie. Ek is meer daaroor besorg om U tevrede te stel in my lewe as om mense tevrede te stel. In Jesus se naam. Amen. (Steve Sampson - "Confronting Jezebel" - p. 191.)*

#### 16. BRONNE

Hierdie opleidingsmateriaal is opgestel met gebruikmaking van die volgende uitstekende boeke en webbladsye en volle erkenning word gegee aan die skrywers en outeurs:

Webblad van "Kanaan Ministries" <http://www.kanaanministries.org/>

Joyce Meyer, **"Do yourself a favour: Forgive"**, Faithwords, 2012

Steve Sampson, **"Confronting Jezebel, discerning and defeating the spirit of control"**, Chosen Books, 2012.

Steve Sampson, **"Discerning and defeating the Ahab Spirit, the key to Breaking Free from Jezebel"**, Chosen Books, 2012.

(Hierdie boeke van Joyce Meyer en Steve Sampson kan verkry of bestel word by CUM boeke of by Kalahari.net.)

### DAAR IS KOPIEREG OP HIERDIE DOKUMENT

ONS ERKEN EGTER DAT DIE INHOUD AAN JESUS CHRISTUS BEHOORT EN DAAROM HET ONS GEEN BESWAAR TEEN DIE KOPIËRING EN VERSPREIDING VAN HIERDIE DOKUMENT NIE OP VOORWAARDE DAT:

- (1) DIE MATERIAAL NIE GEBRUIK WORD VIR PERSOONLIKE OF INSTITUSIONELE FINANSIËLE GEWIN VAN ENIGE AARD NIE; EN
- (2) IGNITED IN CHRIST ERKEN WORD AS DIE OUTEUR VAN HIERDIE DOKUMENT.

Jesus sê in Matheus 10: 8: *"Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet"*. Ons vra dus geen fooie vir ons dokumente en dienste nie. Ons bediening is dus hoofsaaklik afhanklik van donasies vir die voortgesette bestaan daarvan. Oorweeg dus asseblief om te registreer as 'n "vriend" van die bediening deur te gaan na ons webblad by [www.ignitedinchrist.org](http://www.ignitedinchrist.org) en om aan ons 'n donasie te maak, indien die Heilige Gees jou daartoe sou lei.

Ons opregte waardering – *Ignited in Christ* span!